

Hoofstuk van die dag: Johannes 16

> *“Nog ’n klein rukkie, dan sien julle My nie meer nie; en weer ’n klein rukkie, dan sal julle My weer sien.” (vers 16)*

’n Mens voel half jaloers as jy hier lees hoe die Here sê dat sy dissipels Hom weer sal sien (vers 16), en dat hulle dan

baie bly sal wees (vers 22). Dis te hope! Wie sal dan nie bly wees om die Here te sien nie!
Maar die Here praat nie hier van sy opstanding uit die dood nie, Hy praat hier van sy terugkoms wanneer die Heilige Gees uitgestort sal word. Die “sien” waarvan Jesus in vers 16 en 22 praat, is eintlik niks anders nie as die geestelike sien van Jesus, die wete dat Hy by jou is, dat Hy altyd teenwoordig is in jou lewe deur die werking van die Heilige Gees. Dit is immers waarom die Gees gekom het: om die Here Jesus ’n werklikheid in ons lewens te maak, om ons in ’n lewende verhouding met die Here Jesus te stel (vers 14).
Daarom hoef ons nie jaloers te wees nie, want die Here Jesus se belofte dat sy dissipels Hom weer sal sien, geld ook vir ons. Die Heilige Gees het immers ook na ons gekom.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026